

Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-2:1, 2 (34:1, 2)

- 1 Die HEER is God, 'n eenige HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke, van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke. Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge. Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.
- 2 Stuur God ons sy bevrydingswoord – / bring dan, o heemle, wolke voort, / waaruit soos reënstrale geregtigheid van uitkoms sing / en ons die blye boodskap bring / van skoonste seëprale. Dan sal die aarde^ouit vrugb're kluit / die heil en vrede uit laat spruit – / geen onheil is daar meer nie! Die reg sal uit die aarde breek, / want God die HEER het dit gespreek, / en niemand kan dit keer nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 47:1, 2 (p. 240)

- 1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug! Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef, sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste^oin eer, groot is God die HEER!
- 2 God die HEER so groot, het sy arm ontbloot; / hul wat ons omring, het Hy saamgebring dat hul trotse nek ons tot voetbank strek. / Hy, die sterke God, kies vir ons ons lot: Jakobs pronkjuweel, Kana'n, word ons deel. / Dit is aan sy kneg gunstig toegeseg.

Gebed

Psalm 97:1, 2 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer, en juig, saam met die strande / van afgeleë lande. Daar's wolkedonkerheid / rondom sy majesteit; sy rykstroon is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 2 'n Vlam van vuurgerig / wat voor sy aangesig ontbrand aan alle sye, / verteer sy teenpartye. Sy skerpe bliksemspeer / skiet op die aarde neer en straal na alle kant; / die aardryk sien dié brand / en sidder vir die weer.

Skriflesing: Eksodus 19:1-25; Hebreërs 12:14-29

Kernverse: Eksodus 19:10-15

Verder het die HERE aan Moses gesê: Gaan na die volk en heilig hulle vandag en môre, en laat hulle hul klere was en hulle gereed hou teen die derde dag. Want op die derde dag sal die HERE voor die oë van die hele volk op die berg Sinai afdaal. Ook moet jy vir die volk 'n grens rondom aanwys en sê: Pas op dat julle nie op die berg klim of sy voet aanraak nie. Elkeen wat die berg aanraak, moet sekerlik gedood word.

Geen hand mag hom aanraak nie; maar hy moet sekerlik gestenig of sekerlik met 'n pyl geskiet word; of dit 'n dier of 'n mens is-hy mag nie lewe nie. As die ramshoring lang geluide blaas, mag hulle op die berg klim.

Toe het Moses van die berg af na die volk gegaan en die volk geheilig, en hulle het hul klere gewas. En hy het aan die volk gesê: Hou julle klaar teen die derde dag; moenie naby die vrou kom nie.

(Eksodus 19:10-15 AFR53)

Tema: Maak gereed om die Here te ontmoet

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in Eksodus 19 staan ons by Israel waar hulle voor die berg Sinai kamp moes opslaan en waar hulle vir die volgende elf maande sou vertoef. Dit is belangrik dat ons mooi luister na wat die Here in hierdie hoofstuk aan ons openbaar sodat ons die Tien Gebooe behoorlik kan begryp wanneer die Here dit aan sy volk afkondig.

Moses was nou al die eerste keer op die berg en die Here het hom nadergeroep. Toe het die Here drie dinge vir Moses gesê wat hy aan die volk moes gaan oordra. Hierdie drie dinge was die volgende: Die Here het gesê wat Hy vir sy volk gedoen het – Hy het hulle na Hom toe gebring. Daarop het die Here gesê wat die volk se reaksie behoort te wees omdat Hy hulle uit Egipte verlos het – hulle behoort Hom te gehoorsaam en sy verbond te onderhou. En in die derde plek het die Here beloftes van seën toegesê aan die volk wanneer hulle in gehoorsaamheid aan Hom bly lewe.

Ter wille van duidelikheid moet ons dit weer hoor. Israel moes die Here nie gehoorsaam sodat Hy hulle uit Egipte kon verlos nie. Die Here het hulle klaar uit Egipte verlos – hulle staan dan nou by die berg Sinai. Die gehoorsaamheid wat die Here van hulle wil hê, is die lewenstyl van mense wat reeds verlos is. Dit is langs hierdie pad van gehoorsaamheid dat hulle die beloftes van seën sal ondervind. Die Here strooi sy beloftes van seën nie rond en bont en oral uit nie. Sy beloftes van seën val net op die pad van gehoorsaamheid.

Moses het toe nog daardie selfde dag van die berg afgeklim **en die oudstes van die volk laat roep en hulle al hierdie woorde voorgedra wat die HERE hom beveel het** (Eksodus 19:7 AFR53). Toe die volk hierdie woorde van die Here uit Moses se mond gehoor het, was daar by hulle geen twyfel of huiwering nie. Eenparig het die hele volk geantwoord: **Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen** (Eksodus 19:8 AFR53).

'n Mens wil amper sê dat die volk hier heeltmaal impulsief reageer. Hulle weet nog nie eers wat die Here hulle gaan beveel om te doen nie. Hulle weet ook nie of hulle in staat sal wees om te doen wat die Here beveel nie. Maar wat wil 'n mens anders doen as om algehele toewyding en lojaliteit te belowe aan die Here wat nou net gesê het dat Hy jou tussen al die volke uitgekies het om sy spesiale besitting te wees?

Hierdie optrede van die volk in reaksie op die Here se eerste openbaring op die berg Sinai laat 'n mens dink aan die reaksie van die meisie as die man haar gevra het om te trou. En in 'n sekere sin is dit ook wat ons hier teëkom. In die eerste openbaring aan Moses het die Here sy bedoeling met Israel bekend gemaak. Tussen al die volke het Hy Israel gekies om met hulle 'n unieke verhouding te hê.

Maar hoe sal die impulsiewe reaksie van die volk – *ons sal alles doen wat die HERE gespreek het* – 'n lewenstyl kan word? Daarvoor is nodig dat die Here met sy volk praat en sy wil aan hulle bekend maak. Israel het hulle gehoorsaamheid aan die Here belowe, en die Here gaan nou hulle belofte eer deur met hulle te praat. Dit is deur middel van hierdie openbaring wat die Here sy volk in die lewenstyl inlei waarin hulle impulsiewe reaksie om Hom tevrede te stel sigbaar gaan word in die gehoorsaamheid aan die woorde wat Hy tot hulle sal spreek.

Gewoonlik, nadat die man die vraag gevra het en die meisie baie opgewonde ja geantwoord, het word daar in alle erns begin met die voorbereidings vir die troue. Broers, susters en kinders, in ons kernverse openbaar die Here dan aan Israel hoe hulle hulleself moet voorberei vir die ontmoeting met die Here.

Let nou net eers op wat die Here openbaar aangaande die woorde wat Hy gaan spreek en wat die volk moet doen om hulle voor te berei. Kyk weer na vers 9. Daar sê die Here aan Moses:

Kyk, Ek sal in 'n dik wolk na jou toe kom, dat die volk kan hoor as Ek met jou spreek.
(Eksodus 19:9 AFR53)

En net in die volgende vers maak die Here bekend hoe die volk moet wees voordat Hy na die berg afkom. Alles wat die volk moet doen – en ons gaan nou daarna kyk – spreek van die heiligheid van die Here. Die Woord van God is bedoel om die mens se lewe te verander.

Die Woord van die Here moenie net in die ore en verstand vassteek nie. Die Woord van die Here word eers werklik geken wanneer dit van die verstand af deurgesyfer het tot in die hart en wil in. Jy verstaan die Woord in jou verstand, het dit lief in jou hart en gehoorsaam dit deur jou wil wat verander word na die wil van die Here. Die Woord wat die Here met sy volk gaan spreek, moet 'n totale lewenstylverandering meebring. Wanneer ons lewens nie verander wanneer die Here met ons praat nie, het ons Hom net gehoor en nie na Hom geluister nie. Dan is sy Woord by die een oor in en by die ander een uit. Kom ons kyk nou hoe ons onself kan voorberei om regtig na die Here te luister.

Verder het die HERE aan Moses gesê: Gaan na die volk en heilig hulle vandag en môre, en laat hulle hul klere was. (Eksodus 19:10 AFR53)

Die was van hulle klere was die eerste deel van hulle heiliging om die Here te ontmoet. Die eerste wat ons uit hierdie woorde moet verstaan, is dat die volk skoon klere gereed moet hê vir die derde dag wanneer die Here na die berg toe gaan afkom. Maar dit gaan oor meer as net skoon klere.

In hierdie maatreëls om hulleself voor te berei, gaan dit immers oor die heiligheid van die Here. God is heilig, maar die mense is nie. God is rein, maar die volk nie. Die volk moet rein wees om in die teenwoordigheid van die Here te kom. Deurdat die Here sy volk aansê om hulle klere te was, herinner ons aan hierdie waarheid. Om in die teenwoordigheid van die Here te lewe moet ons rein wees. Ons moet heilig wees. Die skoon klere dien as simbool van die volk se reinheid wanneer hulle die Here gaan ontmoet.

In die Bybel word klere dikwels ook genoem as 'n simbool van die houding of ingesteldheid en die bedoeling van die een wat die klere dra. In Sefanja 1 stel die Here sy klagstaat teen sy volk op. En in daardie klagstaat staan, onder andere, hierdie woorde geskryf:

En op die dag van die offer van die HERE sal Ek besoeking doen oor die vorste en die prinse en oor almal wat uitlandse klere dra (Sefanja 1:8 AFR53).

Met hierdie verwysing na uitlandse klere dra, verwys die Here na die mense wat die heidense manier van lewe en die heidense kultuur aangeleer het. Die kleredrag was dus navolging van die heidense lewenstyl en dit het die toorn van die Here teen Juda opgewek.

Ons Here Jesus het ook die gelykenis van die bruilof vertel. By hierdie bruilof is daar iemand opgemerk wat nie bruilofsklere aan het nie (Matt 22:11-12). Die feit dat die persoon nie bruilofsklere aangehad het nie, het aan die koning duidelik gemaak dat die persoon nie daar is om in die vreugde van die bruidspaar te deel nie maar net om die genot van die bruilof te beleef.

Indien ons 'n bruid se motor sou stop en vir die meisie sou vra: Waarom is jy soos 'n bruid aangetrek? sal sy antwoord: Ek is 'n bruid en ek is op pad na my huweliksbevestiging toe. Klere sê dus wat is die ingesteldheid en bedoeling van die een wat dit dra. Met die skoon klere op die derde dag sou die volk daarmee te kenne gee dat hulle gereed is om die Here te ontmoet. Die skoon klere sou dus simbool wees van die volk se rein hart en hulle voorneme om heilig te lewe.

'n Tweede deel van Israel se voorbereiding om die Here te ontmoet, is dit wat ons lees in vers 12 en 13:

Ook moet jy vir die volk 'n grens rondom aanwys en sê: Pas op dat julle nie op die berg klim of sy voet aanraak nie. Elkeen wat die berg aanraak, moet sekerlik gedood word. Geen hand mag hom aanraak nie; maar hy moet sekerlik gestenig of sekerlik met 'n pyl geskiet word; of dit 'n dier of 'n mens is—hy mag nie lewe nie. (Eksodus 19:12-13 AFR53)

Vir ons sondige ore klink hierdie maatreël verskriklik streng. Maar ons moet dit binne die konteks verstaan. Op die derde dag sal die berg Sinai getransformeer word in 'n tabernakel. In hierdie stadium was daar nog nie 'n tabernakel gebou nie, maar die Here sê self dat Hy op die derde dag na die berg gaan afdaal en Hy op die top van Sinai sal wees om met Moses te praat.

In die tabernakel wat later gebou sou word sowel as die tempel wat gebou is in die tyd van Salomo is dit net die priester wat in die heilige deel van die tabernakel kon ingaan. En net die hoëpriester kon een maal per jaar in die allerheiligste deel van die tabernakel ingaan. Dit is waar die verbondsark gestaan het. Enigiemand anders wat dit sou waag om in te gaan, sou sterf. Met die afbakening van die berg Sinai het die Here dit aan die volk begin leer. God is heilig en niemand mag homself veroorloof om sommer net so in die teenwoordigheid van die Here in te gaan nie. Net Moses mag op die berg wees en net omdat die Here hom na Hom toe geroep het. Net die middelaar wat die Here gekies het, mag op die berg wees – niemand anders nie.

Hierdie maatreël sowel as die laaste een wat Moses in vers 15 noem – **moenie naby die vrou kom nie** (Eksodus 19:15 AFR53) – moes van daardie dag af geld tot op die derde dag wanneer die Here na die berg sal afdaal. Hierdie verbod om nie seksueel in die huwelik te verkeer nie, is nie gegee omdat daar aan die seksuele verhouding in die huwelik iets onheilig is nie. Die Here het juis die huwelik ingestel om die mens van 'n onkuise lewe te bewaar. Dit is immers in 'n huwelik waarin die Here werklik geëer word wanneer die seksuele verhouding tussen man en vrou die diepste eenwording tussen man en vrou verbeeld. En in so 'n eenwording word die mens in sy geheel betrek – sy emosies, verstand, wil en krag.

Die Here gee hierdie maatreël om enige seksuele uitlewing in die huwelik vir die volgende dae te vermy. Om te verstaan waarom die Here hierdie maatreël gee, moet ons na die Nuwe Testament blaai waar ons 'n soortgelyke reëling aantref. Paulus skryf aan die getroudes in Korinte:

Moenie vir mekaar omgang weier nie, behalwe met wedersydse toestemming en net vir 'n bepaalde tyd om julle aan die gebed te wy. Daarna moet julle weer saamkom, sodat die Satan julle nie miskien weens julle gebrek aan self-beheersing verlei nie. (1 Korintiërs 7:5 AFR83).

Die Here het dus hierdie maatreël oor seksuele uitlewing in die huwelik vir hierdie volgende drie dae ingestel, sodat man en vrou se aandag voluit toegespits sal wees op die heiligheid van die Here. Vir die volgende dae moet die Here en wie Hy is hulle hele menswees oorheers.

Maar dit is nie net man en vrou in die huwelik wat so moes lewe nie. Die hele volk moes so lewe. Dink net hoe moes pa en ma daarop bedag wees dat nie een van die kinders ingedagte hierdie maatreël van die Here om nie op die berg te gaan of aan die voet van die berg te raak nie, oortree en die dood oor hom bring nie. Stel jouself voor hoe moes diegene wat na die vee omgesien het, sorg dra dat nie een van die skape of beeste teen die berg op drentel nie. Dit sou 'n finansiële ramp veroorsaak as die diere aan die voet van die berg raak.

Calvyn merk in sy kommentaar van hierdie hoofstuk op dat die Here hierdie verbod om aan die berg te raak ingestel het sodat die mens sal weet dat die ware kennis van God nie verkry sal word deur jou eie natuurlike nuuskierigheid te volg nie, maar om te wag totdat die Here Homself openbaar op sy

tyd en op sy manier. Die volk moet dus al hulle gedagtes en emosies op die heiligheid van God toespits. Maar die mense moet nie net die heelyd bewus bly van God se heiligheid nie, hulle moes ook hulle eie onwaardigheid om sommer self in die teenwoordigheid van die Here te kom, aanvaar. Hulle moes ook erken dat die heiligheid van die Here 'n bedreiging inhou vir die onwaardige mens.

Met hierdie maatreëls wat die Here vir sy volk gestel het, wil die Heilige Gees vir ons Christene 'n baie belangrike les leer. Om in 'n verhouding met die Here te mag lewe is 'n baie groot voorreg en nie 'n reg wat ons het nie. Geen mens eis 'n verhouding met die almagtige Here vir homself op nie. Die Here is immers nie afhanklik van die verhouding van 'n mens met Hom nie. Indien daar 'n verhouding tussen die Here en mense tot stand kom, is dit uitsluitlik so omdat die Here dit wil laat gebeur en Hy doen dit ter wille van Homself. Hy wil Homself verheerlik deur sy verhouding met mense en hulle verhouding met Hom.

Dat die Here met ons 'n verhouding begin het, is loutere genade en ons dank Hom daarvoor. Aangesien die Here die verhouding met mense begin, is dit ook Hy wat die protokol van so 'n verhouding bepaal. Nou gebeur dit egter vandag dat Christene van die standpunt af uitgaan dat die protokol waarvan ons in die Ou Testament lees nie meer geld nie. Woorde soos **julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade** (Romeine 6:14 AFR83), en **Die letter maak dood, die Gees maak lewend** (2 Korintiërs 3:6 AFR83) word deur hierdie Christene aangegryp om ligsinnig en selfs onverskillig op te tree in hulle verhouding met die Here. Dit is gewoonlik hierdie Christene wat die Here wil dien soos wat hulle voel in plaas daarvan om die Here te dien soos wat Hy sê.

Die Heilige Gees herinner ons in Eksodus 19 daaraan dat dit 'n saak van groot erns is om in 'n verhouding met die Here te lewe. En dit is na Christus se koms nie minder ernstig as wat dit was in die dae van Moses nie. Blaai saam met my na Hebreërs 12 toe. In hierdie hoofstuk sien ons wat die verskil tussen die berg Sinai en die berg Sion is. Die verskil is nie dat God by Sinai ontsagwekkend was en dat Hy by Sion nie meer ontsagwekkend is nie. Die verskil is ook nie dat die toneel by Sinai vreeslik was en dit by Sion nie meer vreeslik is nie. Die groot verskil tussen Sinai en Sion is die middelaar.

Let eers op die ooreenkoms tussen Sinai en Sion. Luister wat word gesê oor Sinai:

Want julle het nie gekom by 'n tasbare berg nie en 'n brandende vuur en donkerheid en duisternis en storm en basuingeklank en die geluid van woorde waarby die hoorders gesmeek het dat hulle geen woord meer sou toegevoeg word nie — want hulle kon die gebod nie verdra nie: selfs as 'n dier die berg aanraak, moet dit gestenig word of met 'n pyl neergeskiet word. En Moses, so vreeslik was die gesig, het gesê: Ek is verskrik en ek sidder.

(Hebreërs 12:18-21 AFR53)

En oor die berg Sion word gesê:

Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tien duisende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges.

(Hebreërs 12:22-23 AFR53)

Ons sien dus dat die toneel by Sion net so ontsagwekkend is as by die berg Sinai. Telkens wanneer ons in die Bybel lees waar 'n engel van die Here aan mense verskyn het, het die mense groot geskrik. Hulle was so vreesbevange dat die engel elke keer moes sê: Moenie bang wees nie. En hier hoor ons dat ons in die teenwoordigheid van tien duisende engele gaan kom. Wanneer ons by Sion kom, sal dit net so ontsagwekkend wees soos by Sinai.

Kyk nou wat is die verskil tussen Sinai en Sion:

en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die be-sprekeling wat van beter dinge spreek as Abel. (Hebreërs 12:24 AFR53)

Die verskil tussen Sinai en Sion is dat ons nou deur die genade van die Heilige Gees verenig is met die Middelaar. Die middelaar is nie meer 'n gewone mens soos Moses vir wie die volk groot respek gehad het maar nog steeds 'n sondaar was nie. Nee, ons Middelaar is Jesus Christus, die Seun van God wat mens geword het. Hy is volmaak in heiligheid, krag, liefde en reinheid.

In die Ou Testament kon net die middelaar op die berg gaan in die heilige teenwoordigheid van God in. In die Nuwe Testament kan elke Christen in die heilige teenwoordigheid van God ingaan net omdat die Heilige Gees ons met Christus en al sy weldade beklee het. Ons gaan met vrymoedigheid in die heilige teenwoordigheid van God in, nie omdat onself so heilig en volmaak is nie, maar omdat ons Middelaar en Verlosser heilig en volmaak is en ons is met Hom beklee.

Geliefdes, die almagtige en heilige God roep elkeen van ons in sy heilige teenwoordigheid in. Maar steeds maak die Here alleen die protokol bekend. Net deur Jesus Christus kan ons in die heilige teenwoordigheid van God kom en nie deur Hom verteer word nie. Daarom kan ek nie onverskillig en traak-my-nie-agtig wees oor hoe my lewe lyk wanneer ek tot God nader nie. Ek moet erns maak met die dinge wat my onwaardig maak om naby God te kom. Ek moet my sondeskuld bely en my verlossing by Christus soek sodat ek met Hom beklee voor God kan verskyn. Hierdie selfondersoek van my eie lewe is 'n lewenslange proses omdat ek steeds 'n sondaar is.

Maar dit gaan nie net oor my geestelike voorbereiding om in die teenwoordigheid van God te kom nie. Ek moet ook verstandelik en liggaamlik voorberei vir die ontmoeting met die heilige God. Mag ons hele menswees toegespits bly op die heiligheid van God wanneer ons die voorreg het om Hom te ontmoet.

Amen!

Slotgebed

Psalm 97:5, 6, 7 (p. 485)

- 5 Maar Sions burg die hoor, / met Juda's dogterkoor,
en jubel van verblyding, / wanneer dié oordeelstydning
oor Juda's berge kom. / Dan swyg die vyand stom,
want God, die hoogste HEER, / Hy sit en – triomfeer / oor lae godedom.
- 6 Beminnaars van die HEER, / haat wat sy Naam onteer,
en wandel in sy weë. / Hy is sy volk geneë
en sal in doodsgevaar / sy gunsgenoot bewaar;
Hy red hom van die hand / wat dreig van alle kant, / van die geweldenaar.
- 7 Gods vriend'like aangesig / straal vrolikheid en lig
deur duisternis en smarte / vir alle opregte harte.
Regverdiges, wees bly! / En sing 'n lied daarby!
Verheug u in die HEER! / Lofsing sy Naam tot eer, / Hy's hoog en heilig, Hy!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
15 September 2013